

Donderdag 1 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-8

Fokusgedeelte: Handeling 1:8

Die Heilige Gees roep: Verkondig die Woord!

Die evangelie van Jesus Christus mag nie geprivatiseer word nie. Ons mag dit nie net vir onself hou nie. Dit is om dit onder 'n maatemmer weg te steek en die lig daarvan te doof. Nee, die evangelie van verlossing moet verkondig word, geproklameer word, dinamies uitgedra word die wêreld in. Die evangelie moet ontsluit word aan almal wat dit wil hoor. Dit moet die lig in mense-harte laat skyn.

Die wêreld moet hoor van Jesus Christus wat deur God na hierdie wêreld toe gestuur is, van sy onbeskryflike lyding via Getsemane op pad na die kruis op Golgota om sondaars te verlos. Die wêreld moet hoor hoe die profete in die Ou Testament die koms van Jesus as die Messias haarfyn voorspel het, selfs die dorp waar dit sou plaasvind (Miga 5:1).

Ná die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag was dit die opdrag van Jesus aan hierdie heel eerste gemeente in Jerusalem. Julle sal my getuies wees en hiervoor sal julle die krag van die Heilige Gees ontvang.

Dit was 'n geweldige opdrag wat nie in eie krag verrig sou kon word nie. Daar sou vyandigheid wees, valse leerstellinge, vervolging, maar die Here het belowe dat die poorte van die doderyk nie die kerk sal oorweldig nie.

Steeds, vandag nog, geld die opdrag: Verkondig die Woord – en steeds het ons die versekering dat die Heilige Gees ons die krag sal gee om dit te doen. Dit bly die onvoltooide taak van die kerk: Verkondig die Woord!

Sing: Skrifberyming 14-3:4

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)